Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

6 Maart 2026 Uitgawe: 8/1/2026

## UIT DIE KANTOOR

Die Wêreldbiddag vir vroue word sedert 1927 jaarliks gehou op die eerste Vrydag van Maart. Dit sal dus vanjaar die 99ste jaar wees dat dit gehou word. Tjokkies se onderwyseresse en dogters het dit ook vandag gevier met 'n mooi boodskap en gebed deur Ds. Thania Botha.

Hier is 'n paar interessante feite:

- Dit word in meer as 170 lande gevier. Die gebed begin in die Stille Oseaan en beweeg reg rondom die wêreld soos tydsones verander.
- Elke jaar word die program en liturgie deur vroue van 'n spesifieke land voorberei.
- Die beweging se leuse is: *"Informed Prayer and Prayerful Action"*.

**Atletiek:**
Baie geluk en sterkte aan al ons atlete wat Saterdag aan die Vrystaat Atletiek Kampioenskappe in Sasolburg gaan deelneem. Ons hou vir julle styf duime vas. Hou Tjokkies se naam hoog.

**Toetsweek:**
Die toetsweek vir die Gr. 4 - 7 leerders begin op Dinsdag, 10 Maart. Ouers moet asb. kontroleer dat kinders hulself goed voorberei. Let asb. daarop dat buitemuurse aktiwiteite gedurende toetsweek normaal voortgaan. Dit is slegs tydens formele eksamens dat buitemuurs stop.

## ANDER

**Rugbytruie:**

Ouers is reeds ingelig dat die o/7 - o/11 rugbyseuns vanjaar deelneem in hul eie rugbytruie. Geen truie sal soos in die verlede voorsien word nie. Die nuwe truie is by Tunika en Tjokkieshop (Nessie) beskikbaar.

U sal let dat daar nie nommers op die truie is nie. Dit is spesifiek so bestel, aangesien seuns baie rondskuif van posisies en spanne en dit dan veroorsaak dat nommers deurmekaar raak. Slegs die o/13 ouderdomsgroep speel met truie wat voorsien word. Dit is geborgde truie wat wel nommers op het.


**Let wel**: Die o/9 ouderdomsgroep se truie moet reeds **teen 20 Maart aangekoop** wees, aangesien hul reeds op 21 Maart hul eerste wedstryde speel. Die o/11 seuns het reeds in die week gespeel. Die o/7 en o/8 spanne speel eers na die skoolvakansie.

Indien u sukkel om 'n trui te bekom om welke rede, kontak asb. vir mnr. Hermann Davin by 076 656 1408.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 6 Maart: | Trompsburg Swemgala |
| | Rugby o/11A Aandliga (WP) |
| 7 Maart: | Vrystaat Atletiek Kampioenskappe (Sasolburg) |
| | GSF Koor se Pretdag |
| 9 Maart: | o/7 - o/11 Netbalkliniek |
| 10 Maart: | Toetsweek (Gr. 4-7) |
| 11 Maart: | o/7 - o/11 Netbalkliniek |
| 12 Maart: | Netbal o/12 & o/13 Aandliga (WP) |
| | Rugby o/11 & o/13 Aandliga (WP) |
| 13 Maart: | H/S Jim Fouché Opedag (Gr. 7's) |

# VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 8 Maart: | Juf. Janri van Rooyen (GSF assistent) |
| 12 Maart: | Juf. Natasha J v Rensburg (Gr. 4) |

# MAMMAS WAT BID

***"You cannot pour from an empty cup."***

Miskien voel jy ook so. Jy's moeg en jou kapasiteit om die lewe se vele eise te volhou, loop leeg. Miskien wens jy die kwartaal wil nou net klaar maak, want jy het rus nodig.

Miskien voel jy ook soos Marta..."baie bedrywig om alles klaar te maak....besorg en bekommerd oor baie dinge..." (Lukas 10: 40 & 41).

Bedrywighede en bekommernisse sal eendag vergaan, maar een ding is nodig. God se Woord en Sy teenwoordigheid is vir ewig.

Wanneer jou beker leeg loop, vul dit met wat nodig is, vul dit met ewigheid. Vul dit met Christus!

Wees stil en erken dat Hy jou God en Herder is...daarom sal jou beker oorloop! (Psalm 46: 11 & Psalm 23:5)

**Gebed**

Here, help my om tyd saam met U elke oggend in Woord en gebed te prioritiseer. Ek weet my dae sal dan anders lyk. Amen

# SNUFFELS




Om advertensie oop te maak, klik op skakel aangeheg by die Weekblad.




Die Preprimêre skool se gholfdag lê voor, kontak gerus die Preprimêre Skool by 051-522 3628 as u belangstel om 'n 4-bal-span in te skryf of om 'n bof of setperk te borg. Die baan raak vinnig vol.


JF-OPEDAG
13 MAART 2026
JF-SKOOLSAAL
11:30
Hier maak ons die verskil
DIE KEUSE VAN 'N HOËRSKOOL IS EEN VAN JOU KIND SE GROOTSTE BELEGGINGS IN SY LEWE.
JF is nie net 'n skool nie, dis 'n leefwyse - dis 'n saailand vir waardes en toekomsdrome.
Kies 'n plek waar jy kan groei, ontdek, droom en die beste JY kan wees.
www.jf.co.za 0515021760 Lilac & Wildeals straat Gardeniapark BLOEMFONTEIN
HUIS Anton van Wyk
KOSHUISTOER NA DIE FUNKSIE


JF-OPEDAG
Hier maak ons die verskil
Dagboek die datum
13 MAART 2026
JF-SKOOLSAAL
www.jf.co.za
0515021760
GARDENIAPARK
BLOEMFONTEIN
HUIS Anton van Wyk
KOSHUISTOER NA DIE FUNKSIE